# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

## Wingerd of groentetuin?

**Skriflesing:**
1 Konings 21
Levitikus 25:23

**Teksvers**:
1 Koning 21:29

**Sing**:
Ps 59:1,2,5,10
Ps 119:1,39
Ps 100:1
Ps 7:6,7,8
Ps 35:1,4,12
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
**Orrelis**: Mariki Lessing
**Prediker**:
Ds Maarten van Helden

Daar bestaan onder ons as gelowiges maklik die gedagte dat as 'n mens iets *reg doen*, slegte goed nie met jou gaan gebeur nie. Slegte dinge gaan nie gebeur, net omdat *God aan ons kant is* nie!

Hierdie idee word deur die verhaal van Nabot en Agab die nek in geslaan. Slegte goed gebeur ook met goeie mense. Eerstens omdat die Here al daar in die paradys die aarde aan sy *vloek* onderwerp het, en ook omdat God die bose magte *toegelaat* het om sy kinders te versoek en te beproef sodat ons daardeur kan groei.

Natuurlik is God by magte om dit van ons weg te keer, maar as Hy, soos in die geval van Job, die duiwel toelaat, dan bereik Hy altyd *'n groter doel* daarmee. So kan u en ek nader kom aan die Here en word ons geloof in sy wese geoefen tot groei in die heiligmaking.

Vra jouself vandag net die vraag: *Met watter een van die partye in hierdie verhaal sou jy graag identifiseer?*

**SONDAGAAND 18:00**

## Johannes het ook Jesus gedoop

**Skriflesing:**Mark 1:1-11

**Teksvers:** Mark 1:8-11

**HK**: Sondag 26

**Sing**:
Ps 105-1:1,5
Ps 146-1:8
Lied 525:1,3
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
**Orrelis**: Mariki Lessing
**Prediker**:
Ds Gerrit Kruger

Die doop het vir die gelowige 'n groot en heerlike betekenis. Hierdie betekenis is nie net vir die babatjies wat gedoop word nie, maar ook vir elke volwasse, gedoopte, belydende lidmaat van die kerk. Dit is waar-aan ons telkens kan vasgryp, God se verbond.

- Wat is daarom prakties die betekenis van my doop?
- Jesus Christus het die doop ingestel. Mat 28:19, Tit 3:5,6:
- Die doop as belofte!

Martin Luther het uitgeroep: "*Ich bin getauft auf deinen Namen*"

- Wat is dan die praktiese betekenis van diegene wat gedoop is maar God se genade verwerp?
- Monopleuriese en die Dupleuriese karakter van die verbond.
- Die doop as teken van oordeel?

**Hand 1:4-5**

5*Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word*."




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 45 Nr 28 26 Julie 2020**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## *Verlies en wins*

*2 Kor 5: 1 Ons weet dat wanneer ons aardse woning, wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan. 2 Terwyl ons in die tentwoning leef, sug ons, want ons verlang daarna dat ons woning uit die hemel ons sal oordek. 3 Ons wil nie ontklee wees en naak voor God staan nie. 4 Ons wat nog in die tentwoning is, sug en voel bedruk, omdat ons nie van die aardse liggaam afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe. 5 Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee.*

As u my toelaat om vandag 'n persoonlike ervaring te deel, wil ek graag praat oor verliese wat gedurende die afgelope tyd ervaar is. Ek voel die verlies aan my eie lyf op verskillende vlakke, en u sal u eie daarby kon voeg, of dalk met myne identifiseer.

Hierdie jaar was daar vir my die uitsig van ons veertigste huweliksherdenking. Ons wou ons onsself trakteer met 'n bederftyd wat nou heeltemal nie kon realiseer nie. Onder andere sou ons saam na 'n konsert van André Rieu in Maarsticht, Nederland, gaan kyk het! My twee Bybelland-toere hierdie jaar, én my langverlof, het onder die pandemie gesneuwel. En dan daarby - die verlies aan die gewone roetine, aan koinonia, kontak en saamwees. Ook nog die vreemde, abnormale regulasies wat ons gemaksones kom toets het. Nog intenser, voeg daarby die daaglikse gesprekke oor die seer en pyn van die eensame Covid-geïsoleerdes. Ander wat hulle werk of salaris verloor het. Daar-by ook diegene wat geliefdes aan die dood afgestaan het, en helaas! ... tydens die doods-ure nie die nodige onderskraging kon gee, of kry nie weens die regulasies. Dié soort afskeid is swaar. In al hierdie dinge beleef ons 'n bedekte *voosheid en verlamming weens die abnormale, aanhoudende dra van maskers, die aanhoudende sanitering en die aanhoudende onsekerheid oor wat die diepte-punt (sic: hoogtepunt, piek) van die pandemie gaan wees.*

In hierdie proses het ek besef dat die swaarste verlies vir seker is dat ons ons menslike vryheid ingeboet het. Vryheid wat ons as vanselfsprekend aanvaar het en die onsekerheid van die toekoms wat ons dalk gedink het onsself kon uitdroom: dus, verlies aan planne en drome!

Geleerdes het lankal bepaal dat mens tydens verlies die volgende prosesse deurgaan - elke mens op sy eie manier en met sy eie intensiteit: Eers die *skok en gou daarna die ontkenning van die werk-like gebeure. Dit word gevolg deur aggressie en lei op sy beurt tot 'n onderhandelingsfase. Meesal kom aanvaarding nadat iets van 'n swaarmoedige fase (lees: depressie), van langer of korter duur, beleef is.*

Vervolg op bl 5...

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan 'n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Ouers en katkisante,

Die Covid-pandemie het in die laaste weke ons omgewing ingeneem en soos u almal weet, is ons byeenkomste by die kerkgebou steeds nie moontlik nie.

Kom ons doen moeite en gaan tuis voort met die katkisasie soos dit op die kerk se jaarbeplanning aangedui is. Deur u kinders tuis te onderrig word baie belangrike geloofs- en emosionele bande tussen ouers en kinders gebou.

Die kategete is almal steeds beskikbaar vir raad en leiding, maak gerus kontak met hulle indien nodig.

Baie sterkte aan elke gesin, elke ouer en elke katkisant in hierdie tyd.

Pieter van der Dussen 082 416 7188

**Katkisasie** (vir tuisonderrig)

Vandag—Les 14, Ps 100:1  Volgende week: Les 15, Ps 100:2

Die jongste Slingervel is weer gratis beskikbaar by http://www.ssplus.co.za/slingervel.html

## NUUS VANAF DIE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM

**Kuratore**

Die kuratore word deur die onderskeie Streeksinodes aangewys vir 'n tydperk van drie jaar. Met die besluit om die Algemene Sinode van Januarie 2021 na Januarie 2022 uit te stel, is die dienstyd van die kuratore ook tot Januarie 2022 verleng.

'n Nuwe voorsitter is aangewys aangesien ds Piet Venter die kuratore versoek het om van sy verantwoordelikhede onthef te word. Ons waardeer die enorme werk wat hy gedoen het en veral die wyse waarop hy deursigtigheid in die werk van die kuratore bevorder het.

Dr. Gerard Meijer (GK Oos-Moot) is as die nuwe voorsitter aangewys, terwyl dr. Deon Lartz (GK Edenvale) en ds. Fanie Coetzee (GK Potchefstroom-Die Bult) as vise-voorsitters aangewys is. Ons dra hulle aan ons Here op vir Sy leiding!

**Rektor en Vise-Rektore**

'n Rektor en twee Vise-Rektore is aangewys (met ingang van Januarie 2021). Aangesien prof. Gert Breed aan die einde van 2020 emeriteer, is 'n nuwe Rektor aangewys in die persoon van prof. Henk Stoker.

Prof. Francois Muller is as Vise-Rektor vir Studentesake aangewys, terwyl prof. Francois Viljoen steeds die Vise-Rektor vir Akademiese sake is.

## Eljada Huis

Baie dankie vir al die skenkings en bydraes reeds ontvang. Die huis is nog nie oop nie maar Petro lewer op 'n 2 weeklikse basis kos af vir die ongeveer 192 mense.

Die volgende items word op 'n konstante basis benodig: sout, soja, rys, soppoeier, mieliemeel, suiker, *Pilchars, bake beans*, blikkieskos, grondboontjiebotter, konfyt, toiletpapier, tandepasta, badseep, lyfroom.

Kontak asb Petra Swanepoel by 082 927 7324 vir reëlings om die skenkings af te laai of u kan dit tydens die grendelwinkel op 14 en 28 Augustus in die trollie by die Jeughuis plaas, tussen 16h00 en 17h00.

## Diakonie

Onder vlak 3 van die inperkings kan meer ouers weer begin werk alhoewel skole nog gesluit is. Dit is voorwaar 'n uitdagende situasie.

Die diakonie wil probeer help deur die skakel te wees tussen persone wat kinderoppassers benodig, en die persone wat dié dienste kan lewer.

Stuur 'n epos aan diakonie@gkcenturion.co.za en verskaf inligting tov jou behoefte of diens wat aangebied kan word. Ons sal poog om die verskillende belangegroepe met mekaar te verbind.

Dit is natuurlik op u eie risiko en dit bly u eie verantwoordelikheid om die nodige riglyne te volg.

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skephoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949 Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324 Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608



## *Ons gee om vir Mekaar*

"*...die Here sal my onder sy sorg neem.*" Ps 27:10

- Poppie Brits gaan Maandag die Urologiese hospitaal besoek (C8—665 4345).
- Willie Loots sterk aan op ventilator in Kloof hospitaal met Covid-19 (A8—662 1622).
- Marietjie Smit is ontslaan uit die hospitaal en sterk tuis aan (A7—071 362 9164).
- Louis van Staden (snr) sterk tuis aan na 'n knievervanging operasie (A15—654 1851).
- Sterkte aan almal wat deur die Corona virus geraak is.
- Meelewing word betuig met Wynandt en Heila van Wyk en familie na die afsterwe van Heila se Moeder gedurende die week.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***


Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Psalm 3:5-6

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

### KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Ekumenisiteit Londen

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Teologiese studentekas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

## Versoek van die Diakonie

Die Diakonie het besluit om in die lig van die Covid 19 pandemie en die inkomste verliese binne ons gemeente 'n inisiatief te begin waar ons mekaar kan ondersteun.

- Indien u, u werk verloor het en werk soek. Stuur 'n epos aan diakonieskriba@gkcenturion.co.za en dui tipe werk wat u soek aan. Inligting sal streng vertroulik hanteer word.
- Vakante poste waaroor u as werkgewer beskik.
- Indien u, u eie besigheid het, stel ons asseblief in kennis wat u doen en die kontaknommer van u besigheid, of as u enigiets verkoop. Ons versoek dat mense mekaar binne kerkverband ook hierin ondersteun bv. as u 'n loodgieter is XXX loodgieters – kontak no. XX en kontak persoon XX.

Inligting moet die diakonie op 'n Woensdag om 10:00 bereik vir verwerking en plasing in die week se nuusbrief. Stuur besonderhede na diakonieskriba@gkcenturion.co.za.

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Heerlike tuisgebak.** Melktert, piesangbrood, mielie-kaas brood, lemoenbrood en heerlike wortelkoekbroodjie met roomkaasversiersel. Bestellings moet 24 uur vooraf geplaas word vir afhaal Vrydae. Charvette 082 319 4172.

**Speelterapie praktyk.** Wietske Boon 0824114015/ wietske@childtherapist.co.za.

**Skryfbehoeftes** vir skool en kantoor, kantoor masjiene, laser-gravering. Hein Greyling 664 3560/ hein@10uit10.co.za.

**3D Argitektoniese** Renderings/Perspektiewe vir Bemarking, Kommunikasie en Ontwerpdoeleindes - www.jaggedpixel3d.net. Johan 0833816454/ jagged@lantic.net.

**Instandhouding**—Verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; hout- of lamineervloere; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; tuindienste, ens. Hennie vd Walt 082 927 4326 / hj2vdwalt@gmail.com.

### Werksoekers

**Die volgende persone stel belang in poste soos geadverteer:**

Tuindienste en enige werkies, sal ook nuwe vaardighede aanleer. Soek ook werk asb as iemand van iets weet. Kontak asb Johan by hj2vdwalt@gmail.com.

Persoonlike Assistent, Kantoor Bestuurder, Bemarkingsbestuurder, Ontvangsdame in spreekkamers. Sulize Kotze 079 795 6163/ sulizekotze@yahoo.com.

Soek enige rekenaarwerk om van die huis af te doen. Ek beskik oor al die rekenaarprogramme. Rina Burger 082 853 8215.

Wildskarkaste te koop, klaar geslag, moet self bewerk word. Pryse en meer inligting kan bekom word by Johan by hj2vdwalt@gmail.com.

Geloof
maak alles moontlik
Hoop
maak alles weer nuut
Liefde
oorwin alles



...vervolg van bl 1

Maar dan is dit *nog nie klaar nie. Hierna volg eintlik die belangrikste deel van die trauma en beproewing van verlies, naamlik om betekenis te soek en te vind en selfs te gee aan dit wat jy deur die verlies belewe het. Waarskynlik soek die wêreld betekenis op die horisontale vlak, maar vir ons as kinders van die Here, vind ons dit in die Here. Die Heilige Gees vul die leemtes van verlies met woorde van die ewige lewe. Die Gees bring ons by Christus; Christus wat soveel verlies ervaar het, sodat ons die ewige lewe as wins kan verkry!*

Ek kry so stadigaan die idee dat mens deur die effek van die globale pandemie, in jou besef van afhanklikheid groei, en dat jy die genade van die Here (jou vryheid, familie, vriende en gesondheid) nie meer as vanselfsprekend sal kan sien nie.

Laat ons in hierdie gevoel van gestropenheid, die Here altyd dank vir die genade van hierdie lewe en nie té styf vashou aan die mense of goeters van hierdie verganklike bestaan nie. Ons maak liewer die beste van 'n slegte saak en hou ons oë op die wenpaal.

Die wenpaal …, waar Christus vir ons sal laat deel in *die wins van sy ewige koninkryk: die kroon van die lewe!*

*Ds Maarten*

Metode om tot die **2 *Miljoen Bybels-projek*** by te dra:

Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing:

***Bybelgenootskap***

## VERJAARSDAE

**"...U sorg vir my." Ps 16:5**

**BELYDENDE LIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26-Jul | Rohan | Bloemhof | A12 | 27740843102 |
| | Rassie | Erasmus | B13 | 27828950967 |
| 27-Jul | Thys | Reynecke | C12 | 27827789193 |
| | Morné | Sevenster | B12 | 27828497006 |
| 28-Jul | Willie | Kruger | B16 | 27795214861 |
| | Gerrie | Smit | C03 | 27826409228 |
| | Sarie | vd Merwe | C02 | 27725004770 |
| | Renske | Verburgh | C08 | 27784345760 |
| 29-Jul | Dina | vd Berg | B11 | 27833051305 |
| | Chantel | Visser | C05 | 27824578696 |
| 30-Jul | Deon | Deetlefs | A05 | 27845241404 |
| | Neels | Engelbrecht | A14 | 27837613757 |
| | Mariaan | Prinsloo | B04 | 27836315798 |
| | Ina | Wiegand | A11 | 27828874046 |
| 31-Jul | Jurgens | vd Merwe | A08 | 27615177699 |
| 01-Aug | George | Erasmus | C06 | 27824941299 |
| | Melissa | Visser | B19 | 27793147672 |

**DOOPLIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26-Jul | Alissa | de Beer | B03 | 27729424218 |
| | Lerize | le Roux | B13 | 27782924646 |
| | Mienke | Pretorius | B02 | 27825216870 |
| | Rolan | Tredoux | B04 | 27828377031 |
| 27-Jul | Quintes | Myburgh | B05 | 27828725677 |
| 28-Jul | Lohan | Dekker | B18 | 27824151034 |
| 29-Jul | Lianka | Hoffmann | A02 | 27798940792 |
| 31-Jul | Leandri | Styger | B01 | 27832260285 |